Publication: Burger,Die(Oos-Kaap) (Main)
Publication Date: 18 Jan 2018
Page: 3

AVE: 16727.14
Circulation: 7783
Part: 1 of 1

## NGIDI SPELER VAN WEDSTRYD IN TOETSBUIGING

# ‘Dit voel of ek in ’n droom lewe’

**Tinus van Staden**

“Lungi, vertrou my net.”

Met dié woorde het Pierre de Bruyn ’n baie teësinnige 16-jarige Lungi Ngidi oorreed om ná sy skoolloopbaan by Hilton College in Pietermaritzburg, na Pretoria te verhuis om by Tukkies te studeer en vir hulle krieket te speel.

De Bruyn was destyds Tuks se breier en sy geloof in Ngidi is waarskynlik die grootste rede waarom Suid-Afrikaners gister die voorreg gehad het om te sien hoe Ngidi met sewe paaltjies in sy toetsbuiging die Proteas tot ’n reeksege oor Indië geboul het. Ngidi het Indië met syfers van 6/39 in die besoekers se tweede beurt platgeslaan.

“Ek sal nooit vergeet toe ek die eerste keer vir Lungi by Hilton College gaan kuier het nie,” vertel De Bruyn.

“Ons het in ’n klein kamertjie in die hoofgebou gesit. Ek het vir hom gesê ek sal vir hom ’n beurs gee, verblyf en baie goeie afrigting. Hy was baie huiwerig en onseker of hy Natal wou verlaat.

“Maar ek het teruggegaan. Dié keer het ek reguit gepraat. Ek het vir hom gesê hy het die potensiaal om binnekort vir die Titans te speel en selfs vir Suid-Afrika. Ek het gesê hy moet my net vertrou,” sê De Bruyn.

Ngidi het presies dit gedoen. Ná sy matriekjaar in 2014 het hy by Tukkies aangesluit om arbeidsreg te studeer. Hy studeer steeds, maar moes sedertdien sy studies vir eers los.



**Lungi Ngidi van die Proteas het ses paaltjies vir 39 lopies geneem op die vyfde dag van die tweede Sunfoil-toetswedstryd tussen Suid-Afrika en Indië op SuperSport Park in Pretoria.** Foto: GALLO

Hy het Tuks in 2015 gehelp om die Wêreldbekerreeks vir Studente in Indië te wen.

“Mense wat nie vir Lungi ken nie, moet weet wat ’n fantastiese mens hy is. Hy is plat op die aarde en ongelooflik eerlik. Jy kan hom met enigiets vertrou,” sê De Bruyn.

Sean Carlisle, Ngidi se afrigter by Hilton se eerste span, beaam dié stelling. “Hy het uitgestaan vanweë die soort mens wat hy is. Hy was baie nederig; hy was al die seuns se ouboet. Hy was ook ’n goeie rugbyspeler en ’n puik swemmer. Jy het altyd die gevoel gekry dat hy dit sal maak.”

Ngidi is gister as die Speler van die Wedstryd in die tweede toets aangewys en ná die tyd het hy oor De Bruyn se invloed op sy loopbaan gepraat.

“Ek dink nie dit sal genoeg wees om hom te bedank nie. Ek sal nie eens weet waar om te begin nie. Hy het my gaan haal toe dit nie so goed gegaan het met my krieket nie en hy het my geskuif na ’n plek waar ek nou kan gedy as ’n sportman. Woorde is nie genoeg om hom te bedank nie,” sê Ngidi.

Dit blyk dat al die bestanddele daar is vir Ngidi om ’n groot krieketspeler vir Suid-Afrika te word. Hy het sy teenwoordigheid op die toetsverhoog met één aflewering aangekondig – ’n inswaaier wat die Indiese kaptein, Virat Kohli, been voor paaltjie betrap het.

“Die kaptein se paaltjie was baie spesiaal vir my. Ek het gevoel ek het hard gewerk, ek het ’n goeie wedstrydplan vir hom gehad en dit was baie bevredigend om hom uit te kry,” sê hy.

Dit voel ook nog vir hom of hy in ’n droom lewe.

“Dit is moeilik om die gevoel te beskryf. Elke keer dat mense vir my hande klap, kry ek hoendervel. Dit is ’n eer om jou land te verteenwoordig.”

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.